10 Julie 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 18

e Hervormer

www.hervormer.co.za

In hierdie uitgawe…

Voorblad
Kerknuus:
Beroepenuus
Nuus oor predikante
Bedieningsnuus
Advertensies en kennisgewings

Voorblad

GELOOFSKRAG

Daar is vandag so baie sprekers en boeke wat ’n mens aanmoedig om jou krag in jouself te soek. Hulle uitgangspunt is dat alles vir jou moontlik is as jy net positief is en in jouself glo. Een so ’n boek en DVD is ***The Secret*** van Rhonda Byrne. Daarvolgens trek ’n mens positiewe dinge na jou toe aan deur positiewe denke. In die Bybel kry ons egter ’n ander perspektief op die mens se welslae. Dawid was byvoorbeeld ’n baie suksesvolle krygsman. In menige veldslag het hy en sy manskappe as oorwinnaars uit die stryd getree. Maar Dawid gee aan God die eer vir al die oorwinnings wat hy behaal het. *Met u hulp loop ek ’n oormag storm, met my God by my is geen stadsmuur vir my te hoog nie* (2 Sam 22: 30).

Die geheim vir sukses in die lewe lê nie in jouself nie. Dit is God wat aan ons die geloofskrag gee. God neem nie al ons probleme in die lewe weg nie. Maar God gee ons die krag om dit te kan hanteer en te oorwin. Kom ons dink ’n bietjie terug. Hoeveel voorbeelde is daar nie van God se hulp op die lewenspad nie? Dit is waar wat Paulus skryf: *Ek is tot alles in staat* ***deur Christus wat my krag gee*** (Fil 4: 13).

Die lewe is dikwels ’n stryd teen skuldgevoelens, jaloesie, versoekings, depressie, minderwaardigheid of probleme. Daarvan is die Bybel ook vol voorbeelde. In baie opsigte word ons almal ook geraak deur die ekonomiese situasie in die land en in die wêreld. Sommige predikers buit dit uit en maak mense wys dat dit God se wil is dat ’n mens ryk moet wees in aardse dinge. Ons moet ons nie hierdeur laat mislei nie. God se Woord is hieroor baie duidelik: ***Soek jou krag in die Here en in sy groot mag*** (Ef 6: 10-11).

— **Dr Gerhard Lindeque**

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/-skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za
e-Hervormer - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:
Redaksie - epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte - nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die *e*-Hervormer word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Die *Kerknuus* word saamgestel deur dr Fanie Pretorius, sekretaris van die kantoor van die Kommissie van die AKV.

Teken in op *e*-Hervormer...

Teken in op *e*-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!

Stuur ’n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die ‘Teken in’-opsie.

Kerknuus

BEROEPENUUS

►**Beroepe bedank**

- **Ds Petri van Rooyen** van Rooihuiskraal na Vanderbijlpark-Suid
- **Ds Johann de Bruin** van Heilbron na Barberton

NUUS OOR PREDIKANTE

► **Ds Gerhard Viviers en sy gesin** word op Sondag 13 Julie deur Gemeente Laeveld ontvang. Hy was voorheen predikant van Roedtan. Hy word by die geleentheid in sy amp bevestig en lewer sy intreepreek.

► **Ds Dawie Jacobs en sy gesin** word op Sondag 13 Julie deur Gemeente Swartruggens ontvang. Hy was voorheen predikant van Kampersrus. Hy word by die geleentheid deur sy vader, ds Jakkie Jacobs, in sy amp bevestig en lewer sy intreepreek. Oudl Hannes Esterhuizen, lid van die Kommissie van die AKV, sal by die geleentheid groete en gelukwense namens die Kommissie oordra. Die gemeente is vakant sedert die emeritaataanvaarding van ds Wikus van der Merwe vroeër vanjaar.

► **Ds Hans Britz en sy gesin** word op 13 Julie deur die kombinasie Outjo/Otjiwarongo ontvang. Hy word deur een van die ringspredikante in sy amp bevestig en lewer sy intreepreek. Ds Britz was voorheen predikant van Kriel. Die kombinasie Outjo/Otjiwarongo is vakant sedert die vertrek van ds Barrie Oberholzer na Messina.

► **Ds Oppies Opperman skryf uit Afganistan, waar hy werk as sekuriteitswag terwyl hy beroepafwagtend is, die volgende:**

Wou net dagsê hier uit die vreemde en sê dit gaan nog goed met my.

Dit bly 'n vreemde wêreld (sekuriteitsbedryf) waarin ek myself bevind, veral hier in die buiteland. Dit is die mees onstabiele werksomgewing om in te wees waarvan ek ervaring het. Mens weet nooit of jy die volgende dag nog werk het nie, dit is maar vertroue in ons Skepper wat jou rustigheid daaroor laat kry.

Ek het van werkgewer verwissel in April, en werk nou vir 'n Amerikaanse maatskappy, USPI (United States Protection and Investigation). Die werk het nie verander nie, alhoewel ek nou in die suide van die land, in die stad Kandahar, werk. Hierdie deel van Afganistan is die hartland van die Taliban, en dinge raak soms warm in ons werksgebied, ook hierin vertrou ons op ons Skepper vir ons daaglikse veiligheid. Ek skuif nou van padwerk af, wat oor meer as 500 km strek en waarmee ek die laaste twee maande besig was, na 'n kantoorpos wat my darem binne hou, en veiliger.

Die bediening waarmee ek hier in Afganistan begin het, het as gevolg van my skuif hierheen uit Kaboel uit, wat 500 km noord van ons is, ook 'n omwenteling gehad.

Terug na Voorblad

Die eredienste het daar heeltemal doodgeloop, en gaan nou hier in Kandahar weer aan. As gevolg van die onveiligheid in die omgewing en slegs essensiële beweging, is dit egter net ons 'huismense' (wat wissel tussen 7 en 9) wat die dienste bywoon. Die bediening het dus nou feitlik heeltemal in 'n e-bediening ontwikkel. Daar is tans 197 mense aan wie ek 'n daaglikse boodskap uitstuur, waarvan 28 in Suid-Afrika is, 153 in Afganistan en die res oor die wêreld.

Ek weet nog nie waarheen hierdie bediening gaan nie, maar daar kom gereeld antwoorde terug wat bevestiging gee dat daar 'n honger vir die Woord hierbuite is. Daar word ook gou gevra waar die boodskap is as ek weens werksomstandighede nie een vir 'n dag, of soms meer, kon uitstuur nie.

Dit is met groot vreugde in my hart dat ek hier kan wees en hierdie bediening kan en mag doen. Ek is die Vader oneindig dankbaar vir hierdie geleentheid, en ook die Kerk wat my ruimte gegee het om op hierdie manier besig te wees met die werk van ons Hemelse Vader, en so van die Kerk.

Ek groet nou eers, sterkte vir julle daar.

► **Ds Petrus Harmzen** en sy vrou Dorette is op Sondag 6 Julie deur Gemeente Gerdau ontvang as hulle pastoriepaar. Ds Gerrie Senekal, skriba van die ring, het groete en gelukwense namens die ring van Zeerust oorgedra en dr Renier Labuschagne, sekundus ouderlinglid van die Kommissie van die AKV, het die woord namens die Kommissie gevoer.

► **Ds Johann Mouton** en sy vrou Cathrine is op Sondag 1 Junie reeds deur Gemeente Ventersdorp ontvang. Hulle was voorheen werksaam in Gemeente Premiermyn.

BEDIENINGSNUUS

■ **Uit Bulawayo skryf Martha Steyn die volgende:**

Everything here is pretty peaceful. The farming areas may be having problems, but we don't hear about it. There is however quite an economic meltdown happening overnight. Business has almost come to a standstill in most areas as there is no free cash to buy unnecessary items. Most people are dealing in foreign currency to try and keep up with prices, but as you know, we don't earn forex. As an example: I have just received my pay slip, a week late, with an amount on it that is equivalent to R150, in Zim dollars. I am one of the lucky ones that has a steady job, but it is almost more expensive to go to work than to stay at home. I have big worries about how our pensioners are surviving here, as we young ones are struggling. I haven't seen a pensioner in a shop for at least a year, buying something they can afford, like food. Other than the usual goings-on here, there seems to be peace and quiet for now.

Have a good weekend and thank you all for all your good deeds done for us here.
Kind regards

Die besoek aan Bulawayo vind binne die volgende twee weke plaas. Dr Wilhelm Coetzer doen die besoek.

■ **Pastorie Gemeente Nkana**

Gemeentes en ringe wat beplan om finansiële hulp te verleen aan **Gemeente Nkana** met die aankoop van sy pastorie, word versoek om die bydraes asseblief aan te stuur. R200 000 word ingesamel by wyse van

Terug na Voorblad

skenkings en lenings aan die gemeente om die projek moontlik te maak. Aanstaande week sal ’n volledige lys van donateurs en gemeentes wat leen in die nuus deurgegee word, in ’n poging om die totale bedrag bymekaar te maak. Individuele donateurs is welkom om ’n bydrae te maak.

■ **Beroepswerksaamhede van gemeentes**

Verskeie gemeentes is in die proses om te beroep. Sommige gemeentes maak hulle beroepe by wyse van advertensie bekend, en ander verkies om te beroep deur ’n groslys saam te stel van predikante wat voldoen aan die profiel wat deur die kerkraad opgestel is. Beroepswerksaamhede het toegeneem in die lig van die predikantetal wat verminder.

Advertensies en kennisgewings

- **Pos: Orrelis/Musiekleier vir Gemeente Randburg**

  Take

  - Begelei sang tydens eredienste en ander byeenkomste tot ’n opbouende belewenis vir almal in die gemeente.
  - Bevorder die gemeentesang deur die aanleer van nuwe liedere soos ooreengekom met die predikante.
  - Adviseer die predikante op versoek oor die sang en musiek van die gemeente en stel weekliks die liturgie van elke erediens onder leiding van die predikante saam.
  - Identifiseer sangers en musikante in die gemeente en betrek hulle by kreatiewe geloofskommunikasie.

Vergoeding is in lyn met die voorgeskrewe skale en sal tydens die onderhoud onderhandel word.
E-posaansoeke tesame met ’n kort gepaste CV na ElnaV@nhk-randburg.org.za
Kan ook gefaks word na 011 787 4983.
Navrae kan gerig word aan ds CJ van Wyk by 011 787 3020.

■ **VAKATURE ORRELIS:** Gemeente Pretoria-Wes benodig so gou moontlik ’n orrelis. Vergoeding volgens die Kerk se riglyne en die kandidaat se kwalifikasie en ondervinding. Rig aansoeke aan Hervormde Gemeente Pretoria-Wes, Posbus 19240, Pretoria-Wes 0117 of per e-pos aan nhkpretoriawes@nhk.co.za. Kontak die kerkkantoor by 012 327 2323 vir verdere inligting.

- **GEMEENTE OOS-LONDEN: VAKANTE DEELSORG PREDIKANTSTANDPLAAS**

Aansoeke van geordende predikante van die Kerk word ingewag vir die vakante standplaas. Emerituspredikante wat bereid is om as ’n brugpredikant in die gemeente te werk, is ook welkom om aansoek te doen, maar voorkeur sal gegee word aan aansoeke van geordende predikante.

Gemeente Oos-Londen

Die gemeente (gestig in 1937) is die eerste standplaas van die Kerk in die Oos-Kaap wat tot stand gekom het na ’n unieke stukkie geskiedenis wat begin is met onmin in die plaaslike NG gemeente oor die gebruik van kelkies tydens Nagmaal.

Die grense van die gemeente is seelangs vanaf die Keiskammarivier in die suidweste tot Umtata in die noordooste, terwyl die landdrosdistrikte van King William’s Town, Stutterheim en Komga die binnelandse grens vorm. Weens die ontvolking van die platteland is die bedieningsarea van die gemeente egter tans beperk tot die stad Oos-Londen met twee buitewyke.

Terug na Voorblad

Die gemeente het op die oomblik 197 belydende lidmate en 32 nie-belydende lidmate, met ongeveer 108 besoekpunte. Weens die wye verspreiding van lidmate oor die stad, word tans net een erediens om 09:00 op Sondae gehou, met kategese direk daarna.

Aansoeke en verdere besonderhede
Aansoeke moet vergesel wees van 'n CV, met vermelding van bedieningsvoorkeure en bepaalde gawes.

Aansoeke en navrae moet gerig word aan: Oudl Freek Venter, Skriba, Posbus 2217, Beaconbaai (5205) of per e-pos: **freekv@absamail.co.za**
Verdere inligting kan van oudl Chris Dreyer by 083 268 1292 bekom word.

Sluitingsdatum: Maandag 28 Julie 2008

- **Aansoeke ingewag vir die pos: SEKRETARIS IN KERKVERBAND – BYBELGENOOTSKAP**

Die Bybelgenootskap wil graag in samewerking met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n opvolger in die plek van ds WH Steyn aanwys wat op 1 November 2008 diens kan aanvaar.

Die kandidaat moet aan die volgende vereistes voldoen:

KWALIFIKASIES EN ERVARING
Aansoeker moet 'n geordende leraar van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wees. Ervaring in die gemeentelike bediening is 'n vereiste.

PERSOONSVEREISTES EN VAARDIGHEDE
Entoesiastiese persoon met taalvaardigheid en goeie menseverhoudinge. Moet in spanverband kan funksioneer en oor besondere organisasievermoë en administratiewe en rekenaarvaardighede beskik.

PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE
Promosie en bekendstelling van die Bybelgenootskap en Bybelwerk aan kerke, organisasies en individue op 'n beplande wyse en soos ooreengekom.

Dit behels onder andere besoeke aan gemeentes, ringe, ander kerkvergaderings, sinodes (volgens die struktuur van die verskillende kerke wat die persoon se verantwoordelikheid is) en ander instansies soos besighede, organisasies, skole, ensovoorts, asook persoonlike kontak en skakeling met individue.

Die opstel van bekendstellingsplanne en 'n bemarkingstrategie aan die hand van bestaande aksieplanne. Spesiale projekte vir fondsinsameling word gedoen in streekverband, tussen streke van die Bybelgenootskap, en word ook van tyd tot tyd op nasionale vlak aangepak. (Daar word van die Sekretaris verwag om daarby betrokke te wees.)

Kantooradministrasie
Hantering van korrespondensie en skakeling met donateurs. Bedankingsbriewe aan donateurs, opstel van omsendbriewe en inligtingstukke. Voorbereiding, aanbieding en afsending van verslae.

Vergaderings
Bywoning van interne vergaderings, Streekraadsvergaderings en nasionale vergaderings, soos van tyd tot tyd gereël.

Uit die aard van die pos is tweetaligheid 'n vereiste.

VERGOEDINGSPAKKET
Onderhandelbaar

Terug na Voorblad

DIENSAANVAARDING
1 November 2008 of so gou moontlik

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE
31 Augustus 2008

NAVRAE
Die Administrateur, mnr JF Viljoen, by telnr 012 322 8885

AANSOEKE MET CV AAN
Die Mannekragbestuurder
Mnr P Beukes
Posbus 2368
PRETORIA
0001

■ **Gemeente Alberton** bied op 1 Augustus 'n *Eden*-konsert by die *Alberton Rugby Stadium* aan. Kaartjies is R60 per persoon. Die konsert begin om 19:00 maar die hekke open reeds om 17:00. Daar sal verskeie kosstalletjies wees, onder andere pannekoek, ribrolle, boereworsrolle, *cheese grillers*, sop en broodjies. Koeldranke sal te koop wees. Bring asseblief kampstoele en komberse saam.

Kom kuier saam met *Eden* en geniet terselfdertyd jou aandete.

Vir kaartjies, kontak Ronell Ohlms 011 907 4598/084 251 2550/conveyancing@heysteka.co.za of Rosina Price 011 869 8824/084 816 2392. **Maak gou. Hierdie is tans een van Suid-Afrika se gewildste Afrikaanse sanggroepe!**

Basaar en Trekkerskou

Nederduitsch Hervormde Kerk, Middelburg, Mpumalanga
Datum: 2 Augustus 2008
Plek: hv Bhimy Dlamini (Voortrekkerstr) en Cowen Ntuli (Hendrik Potgieterstr)
Basaar bied: Stalletjies (kos en ander), speletjies asook stoomtrein- en trekkerritte vir die kinders
Trekkerskou bied: Uitstalling van ou en nuwe trekkers sowel as gerestoureerde trekkers + inligtingsboekie met besonderhede van trekkers wat op skou is
Kontak: 013 243 3949

■ **NAVI REDD. Suid-Afrika se top a cappella-groep tree op in die Kempton Park Burgersentrum**.
Vir meer inligting oor NAVI REDD besoek gerus hul webwerf by www.naviredd.co.za

Datum: 16 Augustus 2008
Tyd: 18:00 vir 19:00
Koste: Kaartjies wissel van R120 tot R150 per persoon

U kan Anneline of Rita kontak vir bespreking of verdere inligting by die onderskeie nommers 082 9247 344 of 082 323 5609.
Fondse ten bate van die NHKA Kemptonpark-Oos. God se hawe van hulp en hoop. www.kpo.co.za

Terug na Voorblad

■ **Jagkompetisie aangebied deur Gemeente Louis Trichardt**

'n Eland, blouwildebees en rooibok in 'n jagpakket teen net R150 per inskrywing! Dit is wat u kan wen. Die jaggeleentheid vir die wenner en een metgesel strek vanaf Donderdag 28 tot Sondag 31 Augustus 2008. Dit vind plaas op Plaas Hermanus van mnr Willem van der Merwe in die Soutpansberg-distrik (ongeveer 450 km vanaf Pretoria). U bring net u eie kos, drinkgoed, beddegoed en handdoeke. Sou u nie al drie spesies met hierdie geleentheid kon skiet nie, kan dit met 'n ander geleentheid gebeur in oorleg met die plaaseienaar. Indien u glad nie jag nie maar wel die vleis of biltong wil hê, kan u iemand anders in u plek stuur. Andersins kan u die jagtydperk in die pragtige bosveld kom geniet terwyl die plaaseienaar vir u die jagwerk doen. Dit is vanjaar die enigste jaggeleentheid op die plaas aangesien die plaaseienaar geen ander jaggeleenthede vir vanjaar toelaat nie. Die inskrywings sluit op 1 Augustus 2008. Gemeentes en skole kan gerus ook inskryf en, sou hulle wen, kan hulle óf die wild kom skiet óf dit weer as 'n kompetisie ten bate van hulle eie fondse aanbied.
Kontak ds Phillip Horn by 015 516 0550 of Willem van der Merwe by 082 257 7482.

HORIZON
FUN CYCLE RACE

Horison Bergfietspretresies

Datum: Saterdag 16 Augustus 2008
Tyd: 07:00 – 12:00
Plek: Logwood Bike Haven, Muldersdrift
Spanne: 2 – 5 fietsryers per span/aflos
Koste: R200 per span
Kontak: Bets 083 408 4005
Tinus 082 577 4067
Inskrywings: Enteronline (www.entrytime.com)
Meer inligting: www.nhk.org.za

PRET VIR OUD EN JONK! VERMAAK VIR DIE KINDERS! HEERLIKE EETGOED TE KOOP!

■ **BUFFELFEES : 1-3 AUGUSTUS 2008**

Gemeente Marikana se jaarlikse Buffelfees vind plaas oor die naweek van 1 tot 3 Augustus 2008 by ATKV Buffelspoort. Sowat 4 000 mense word by die fees verwag.

Die fees begin die Vrydagaand met die gewilde storievertellervermaak, **Maak-'n-Las**, wat deur Zack du Plessis aangebied word. Gaste op die program sluit die alomgewilde oud-SA krieketspeler Fanie de Villiers in, die veelsydige vermaaklikheidster Dusty Gibson en nog vele ander. Verskeie aanloklike pryse en spesiale aanbiedings by verskillende vakansie-oorde kan ook dié aand opgeraap word.

Kaartjies vir die vertoning beloop R200 per persoon en sluit 'n smullekker potjiekosete in soos net Andries Krogmann dit kan voorberei, asook 'n kaartjie vir die prystrekking van 'n jagpakket met 'n totale waarde van R35 000.

Die Saterdag tree 'n verskeidenheid sang- en vermaaklikheidskunstenaars vanaf 09:00 tot laatmiddag op. Heelwat boere- en kunsmarkstalletjies sal ook hul produkte uitstal. Ander aktiwiteite sluit 'n babakompetisie, kleuteratletiek en landloop in.

Kom smul gerus aan die spesiale resep buffelwors, -biltong en -*platters*, asook verskeie ander kosbedienings. Vir kinders en energiekes is 'n klimmuur en heelwat ander vermaak beskikbaar. Die fees word Sondag afgesluit met 'n erediens in die Buffelsaal.

Vir **besprekings** van kaartjies vir Maak-'n-Las of stalletjies kan die volgende nommers geskakel word: Sarie (014 572 3125), ds Neels van Tonder (072 633 3367), Hennie (083 325 3177). Daar is nog beperkte plek beskikbaar vir feesgangers wat vir die hele naweek by die oord wil bespreek.

Terug na Voorblad

■ **BYBEL PRETLOOP**
Plek: Voortrekkermonument
Datum: 9 Augustus 2008
Afstand: 5 km en 10 km
Tyd: 08:00
Medaljes vir almal. Navrae:
082 962 2870 of 012 370 3513

■ **NUWE ERFENISSENTRUM OP DIE VOORTREKKERMONUMENT ERFENISTERREIN IN PRETORIA**

Die Erfenisstigting is ’n Art 21-maatskappy sonder winsmotief wat gestig is om te help omsien na bedreigde erfenisgoedere, veral dié wat vir die Afrikaanssprekende gedeelte van die bevolking van kultuurhistoriese en emosionele belang is. Die Erfenisstigting het die inisiatief geneem om ’n nuwe Erfenissentrum op die VTM Erfenisterrein in Pretoria op te rig. Dié sentrum nader nou voltooiing en sal op 5 September 2008 amptelik ingewy word.

Die Erfenissentrum bestaan uit ’n drieverdiepinggebou en bevat museumstoorkamers, werkswinkels, argiewe, ’n biblioteek en navorsingsentrum, asook verskeie ander bypassende fasiliteite, soos kantore en ’n ouditorium. Die mees prominente gedeelte daarvan sal bestaan uit ’n byderwetse uitstalling met inligtingspanele, oudiovisuele voorstellings, klankpunte, raakskerms, enkele erfenisitems en ander fokuspunte. Dit sal primêr gerig wees op binnelandse besoekers, met die doel om op ’n eerlike en objektiewe manier reg te laat geskied aan die Afrikaners se geskiedenis, rol en bydrae in Suid-Afrika.

Verskillende instansies het reeds ’n totaal van meer as R10,4 miljoen van die totale projekkoste van R11,8 miljoen bygedra. Alhoewel die Erfenisstigting reeds toegang verkry het tot oorbruggingsfondse vir die res van die benodigde bedrag, bly die ideaal om die Erfenissentrum so ver moontlik skuldvry in bedryf te stel. Daar moet derhalwe volstoom voortgegaan word met verdere fondsinsamelingsaksies.

Persone wat die projek graag wil ondersteun, word vriendelik versoek om dit op een van die volgende wyses te doen:

- SMS die woord ***erfenis*** aan 36196. Elke boodskap kos R5, waarvan net meer as die helfte aan die Erfenisstigting oorbetaal sal word.
- Deponeer ’n kontantbedrag in die lopende rekening van die Erfenisstigting by Absa Brooklyn, takkode 632 005, rekeningnommer 4056 209 535. Geliewe ’n afskrif van die oor-/inbetalingstrokie te faks aan 086 615 9587.

U ondersteuning kan help om te verseker dat veral ons jeug nie die slagoffers word van disinformasie en die verdraaiing van hul eie geskiedenis nie.

Verdere besonderhede van die projek en ander moontlike maniere om dit te ondersteun, kan verkry word by hub@erfenisstigting.org.za of 083 300 4580.

■ **Die Moderamen** vergader op 15 Julie om 09:00 in die Raadsaal in die Dirk van der Hoffgebou, saam met alle rolspelers van **to care** om gesprek te voer oor die nuut saamgestelde Konstitusie.

■ Die **Bestuur van Die Ondersteuningsraad** vergader op Woensdag 16 Julie om 09:00.

Terug na Voorblad